AFRIKAANS TWEEDE TAAL HG VR3 NOVEMBER 2006

Hierdie vraestel word net deur deeltydse kandidate geskryf en dit bemoeilik my taak as hoofeksaminator om die die probleem aan te spreek.

Wat wel duidelik uit die nasien na vore kom, is die feit dat kandidate nie onderrig word in hierdie vraestel nie. Dit blyk uit die volgende:

Afdeling A (Langer Skryfstukke)
Kandidate skryf nie in paragrawe nie.
Hulle hou nie by die vereiste aantal woorde nie, sommige skryf hopeloos te min, ander skryf hopeloos te lank.
Baie swak tot uiters swak lang stukke het voorgekom, ‘n mens wil dan aanraai dat hierdie kandidate vir ‘n SG moet registreer.
Geen of min bewyse van bepanning word gelewre.
Leerders moet onderrig word in die verskillende tipe opstelle, sodat hulle presies weet wat bv. Van ‘n argumenteerende opstel verwag word.

Afdeling B (Korter Skryfstukke)
Vraag 2
In hierdie afdeling het die volgende foute deurgaans voortgekom.
2.1 Die vriendskaplike brief
Vormmfoute weens gebrek aan die onderrig daarvan. Sekere sentrumsnommers het dieselfde vormfoute begaan, bv.
Liewe: Oupa en Oupa i.p.v.
Liewe Ouma en Oupa.
Sommige het glad nie ‘n adres, aanhef en slot gehad nie.
Kandidate moet die brief ook in paragrawe skryf.

Die dialoog
Die vorm in trant/inhoud (situasiegebonde) moet ook ingeskerp word.

Verslag
Moet onderrig word, veral ten opsigte van inhoud.

Afdeling C Transaksionle Skryfwerk
Vraag 3

3.1 Huldeblyk
Hierdie vraag was die swakste beantwoord. Dit moet onderrig word t.o.v. paragrafering inhoud en styl.

Crriculum Vitae
Moet onderrig word ten opsigte van:
Formaat
Hantering van inhoud
Memorandum
Vorm van memorandum moet onderrig word.
Duidelike formulering van stelwyse moet ingeskerp word.

Aanbeveing vir 2007

As elke sentrum toegerus is met dit wat die eksamen van die kandidaat verwag
En hierdie aspekte onderrig, kan die slaagpersentasie in hierdie vraestel aansienlik verbeter.